Bellville-Oos
GEREFORMEERDE KERK

06 September 2026

*Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!*

# Die Boodskapper

Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) / admin@gkbo.org.za

## Oggenderediens (9:00) : Ds Brahm Robinson

**Voorsang:** Lied 223: 1-3
**Votum en Groetseën**
**Sing:** Ps. 29-2: 1-5
**Geloofsbelydenis**
**Sing:** Ps. 117: 1 (x2) (Cloete)
**Wet van die Here**
**Sing:** Lied 492: 1-2
**Doop: LJ Swiegers**

**Sing:** Ps. 107: 1,18,21 (Totius)
**Gebed**
**Skriflesing: Psalm 127**
**Tema:** *'n Lewe in God se seën*
**Gebed**
**Liefdegawe**
**Sing:** Ps. 127-1: 1-4 (Cloete)
**Uitstuurseën**

## English Service (16:30) : Ds Anton J van Rensburg

**Votum and Blessing**
**Confession of Faith**
**Prayer**
**The Commands of God**

**Scripture Reading:** Rev 11 and Belgic Confession 28
**Theme:** *Always serve the Lord with steadfast loyalty*
**Concluding Prayer**
**Blessing**

## Aanderediens (18:00) : Ds Jaco Linde

**Votum en Seën**
**Sing:** Sb. 8-1: 1,2
**Gebed**
**Sing:** Lied 163:1
**Woordbediening**

**Skriflesing:** Eseg 36: 24-27; Matt 28:16-20; Op. 22: 1-5 en HK Son 26 V/A 69
**Tema:** ***Waarom water?***
**Sing:** Lied 292: 1,2
**Uitstuurseën**

# Waarvoor kan ons bid?

Bid dat die Here

- die weeklikse Bybelstudies sal seën en gebruik om ons geloof te versterk.
- die GriefShare-deelnemers sal troos en versterk.
- die toeligtingsessie van Saterdag sal seën, sodat dit tot waarheid en vrede sal dien.
- ons sal lei dat ons in volle oorgawe Hom dien en vertrou in ons lewe, dat Hy sal beskerm en voorsien.
- verbondsouers sal lei om hul kinders se geloof volgens sy Woord te vorm.

**Chri-sante:** **Panorama en Louis Leipoldt:** Misha van Wyk: 084 899 5676

**Alle Hospitale**: Cornelia Jansen / **Cape Gate**: Ida v Dolderen

**WEBTUISTE:** https://www.gkbo.org

| | | |
|---|---|---|
| **Ds Brahm Robinson**: | 064 656 1374 | brahmrobinson@gmail.com |
| **Ds Jaco Linde** | 062 552 5492 | lindejaco@gmail.com |
| **Kerkkantoor/whatsapp**: | 082 712 4629 | admin@gkbo.org.za |
| **Kassier:** | 083 659 1301 | kassier@gkbo.org.za |

**KOLLEKTES: VANDAG :** Diakonale Kas en Teologiese Hulpfonds
**Sondag 13 September :** Diakonale Kas en Bolandse Bedieningsfonds

| | **VANDAG:** | **Sondag 13 September:** |
|---|---|---|
| **Orrel:** | Hettie Henning | Anna-Marie Alkema |
| **Projektor:** | Matt Venter | Jenny Wendt |
| **Teeskink:** | GF17; GF18; TY2 en VR1 | GF19; GF20; TY3 en VR3 |

**KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG:** Machiel Kruger en Henk Lubbe
**Sondag 13 September**: Herman Kruger en Adriaan Scheeres

**DAGBOEK 6 September tot 13 September**

| | | | |
|---|---|---|---|
| VANDAG | Gebedsgeleentheid | Gebedskamer | 8:30 |
| Di 08/09 | Griefshare sessie 4 | GKBO konsistorie | 9:30 |
| Do 10/09 | Bestuursouderlinge vergadering | Aanlyn | 07:30 |
| Vry 11/09 | Laerskool aksie | GKBO | 18:00 |

**BYBELSTUDIES**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ma 08/09 | Bybelstudie - aand | GKBO Voorportaal | 19:00 |
| Wo 09/09 | Bybelstudie - oggend | GKBO klein saal | 10:00 |
| Do 10/09 | Studente Bybelstudie | By Jaco Linde | 19:30 |
| Do 10/09 | Weskus Bybelstudie | By Cornelia Jansen | 18:45 |

# Van die Kerkraadstafel:

## Sakrament van die Doop

Die sakrament van die doop word vanoggend bedien aan **LJ**, eersteling verbondskindjie van **Werner en Mari-Jani Swiegers.** Ons sê hartlik geluk aan hulle asook aan oupa Jan en ouma Susan (Swiegers) en oupa Izak en ouma Willa Kotze.

Ons is saam met julle die Here dankbaar vir hierdie seën en bid julle die wysheid en insig toe met LJ se opvoeding en geloofspad. Mag klein LJ vir julle veel liefde en vreugde bring.

# Fokustyd 2026: God, mekaar, die wêreld

As die Here wil gaan ons vanaf die 6de September in diepte fokus op ons gemeente se roepingstelling naamlik *God, mekaar, die wêreld*. Dit is 'n tyd waarin ons weer die kernbeginsels van hierdie roepingstelling gaan vaslê en opnuut fokus op die Here se roeping vir ons hier in Bellville-Oos. Fokustyd is daar om ons aan te moedig om deur middel van huisgodsdiens, Persoonlike- en Groepsbybelstudie, weeklikse dagstukkies en gefokusde preke tot 'n dieper indruk van ons gemeente se roeping te kom en sodoende te groei in ons vehouding met Hom en mekaar.

Hoe lyk die formaat van Fokustyd?

- 6 September is die inleidende preek.
- Maandagoggende is daar 'n inleiding tot die week se tema
- Tesame met die week se tema word daar Bybelgedeeltes vir verdere studie op die gemeente se Whatsapp-groep deurgegee. Hierdie gedeeltes sal by die weeklikse Bybelstudies en Geloofsfamilies behandel word. Daar is ook die opsie om dit te gebruik in persoonlike Bybelstudie, maar ons wil julle aanmoedig om ten minste in hierdie tyd by 'n Bybelstudiegroep/Geloofsfamilie te probeer aansluit. Indien daar nie een is wat inval in die tyd wat jy beskikbaar het nie, is daar niks wat jou keer om nog 'n geloofsfamilie te begin nie.

(Indien jy nog nie op die gemeente se whatsapp groep is nie, stuur 'n whatsapp na die kerkkantoor (082 712 4629) of gebruik die volgende skakel: https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIg02GtRv1dq om aan te sluit.)

- Daar sal ook wenke wees van hoe om hierdie gedeelte met jou kinders te bespreek sodat hulle ook ingesluit word by hierdie studietyd.
- Vrae wat uit die Bybelstudies opkom kan dan gerus aan die predikante gestuur word en dit sal so goed as moontlik in die preke beantwoord word.

| Datums | Tema | Predikant |
|---|---|---|
| 1. 7-13 September | **God is heilig** | Reynold |
| 2. 14-20 September | **God is lief** | Reinder |
| 3. 21-27 September | **Aan mekaar verbind** | Jaco |
| 4. 12-18 Oktober | **Daar vir mekaar** | Brahm |
| 5. 19-25 Oktober | **Die kerk in die stad** | Jaco |
| 6. 26- Oktober | **Die kerk in die wêreld** | Brahm |

# Skriftuurlike toeligting oor VIDA



**Prof Henk Stoker**, jare lank verbonde aan die NWU se Fakulteit Teologie en nou deeltydse professor aan die Mukhanyo Teologiese Kollege kom **Saterdag 12 September** die gemeente en belangstellendes toelig oor die Skriftuurlikheid rondom die VIDA vraagstuk. Ons nooi elkeen van u, met vriende en familie, om hierdie toeligting te kom bywoon.

**Saterdag 12 September** | **10:00** | **GKBO**

## Griefshare

Komende Dinsdag word **sessie 4** van die derde Griefshare program aangebied. Dit vind plaas in die GKBO konsistorie om 9:30. Belangstellendes kan vir Reinder kontak op 084 827 2443.

# Lidmaatsake/Nuus

## Meelewing:

- **Guillaume Uys** sterk tuis aan nadat hy 'n hartaanval gehad het. Ons is saam met hulle dankbaar vir die beterskap! Mag jy gou jou volle lewenskrag herwin.
- **Hester Janse van Rensburg** was 'n paar dae in die hospitaal nadat sy bloeddrukprobleme ontwikkel het. Hester is ook reeds tuis onder die wakende oog van Anton.

## Vrolike Veterane

### Die Veterane en die Ossewa

**Br. George Thom** het 'n kenner van die ossewa raakgeloop wat vir ons wil kom vertel van die interessanthede van die vervoermiddel uit ons geskiedenis. Koos Maree is 'n kenner van die voertuig wat soveel jare lank die middelpunt van ons land se transportbedyf was. Koos bou ook miniatuur ossewaens.
Hy kom ons DV op **Maandag 14 September** by die kerk vertel van die ossewa, sy geskiedenis, en hoe hy gebou word. *Weet jy wat 'n lunsriem is?*

**Datum**: 14 September : **Plek:** By die kerk : **Tyd:** 9:30.

## Koekies vir Koningskinders




Die jaar is op 'n drafstappie op pad na die einde van die kwartaal wat beteken die Koningskinderskamp lê om die draai. Ons vra weer ons ouma's en oupa's om vir die kinders koekies te bak (of aan te koop) vir 'n ekstra bederfie tydens hulle tee/koffie en verversings.

**Die kamp begin op 23 September**, en ons vra dat die bakkers/baksters hulle bederfies voor of op **Sondag 20 September** in die kombuis sal afgee. Merk asseblief u houers duidelik deur *Koningskinders* daarop te skryf. Indien u graag u houer wil terughê, merk asseblief die houer ook duidelik met u naam en van. Dit sal weer na die kamp in die kombuis gelaat word.

## KOOR 2026

**Dis tyd om te sing! Kom voeg jou stem by ons koor en maak die Here se naam groot!**

**OEFENPLEK EN -TYD:** VGK Bellville 19:30-21:00 (tensy anders gereël)
**AFHAAL VAN BLADMUSIEK:** Opsie 1: 20 Sept 10:15-11:15 GKBO
Opsie 2: 22 Sept 19:30-20:30 VGK

**OEFENINGE:**
Wo 7 Okt | Ma 12 Okt | Di 20 Okt |Di 27 Okt | Sa 31 Okt 14:00-17:00 + Bring-en-braai | Wo 4 Nov | Vr 6 Nov | Wo 18 Nov | Di 24 Nov | Di 1 Des | Vr 4 Des

**OPTREDES:**
29 Nov 09:30 NG Kerk Monte Vista | 6 Des 18:00 GKBO | 8 Des 19:00 VGK
*ENIGE NAVRAE:* Carike Byker-Nel 082 542 9833 / carikebyker@gmail.com

# Kan jy help?

Bid jy graag? Kan jy planne maak? Is jy goed met geld? Werk jy graag met mense? Geniet jy dit dalk om kinders te begelei? Kan jy projekbestuur? Is dit vir jou lekker om fondse in te samel, met ander oor Jesus te gesels, of verhoudings te bou?

---

Daar is tans 'n hele paar ***Charitas*** projekte in Goliath Estate, maar die nood is groot en ons kort die gemeente se hulp om hulle op 'n volhoubare manier aan die gang te hou en – as dit Sy wil is – uit te brei.

### Neem asseblief 'n oomblik om die Charitas behoeftes in gebed na God te bring:

- Charitas span – ons wil graag die span vergroot en benodig spesifiek:
  - Iemand om met die jaarlikse **finansiële oudit** te help
  - 'n Mens of groep wat 'n eenmalige **fondsinsamelingprojek** kan bedryf
  - Nog mense wat wil **saam dink en bid** oor hoe om ons mandaat so goed moontlik uit te leef
- Die tutorprogram – ons benodig hier:
  - Nog mense wat in die middae met tutoring kan help, verkieslik op 'n gereelde basis (1 x 'n week vir 60-90 minute op 'n slag)
  - 'n Toesluitkas om al ons skryfbehoeftes ens veilig te hou aangesien meer as een groep die lokaal waar ons dit hou gebruik
- Vervoerprojek – dit beloop tans sowat R10,000 'n maand en ons benodig bydraes of borge om die bedrag by te bring

### Kontak ons gerus as die Here dit op jou hart lê om betrokke te raak!

In Sy diens: Die Charitas span

# Laerskool aksie Graad 1 - 7 bied aan: Wat is kerk?



**Datum: 11 September 2026 (Vrydagaand) Tyd: 18:00**

**Wat dit behels:** Ons gaan 'n paar vinnige speletjies speel om te leer *wat is kerk*? Ons gaan ook leer wat binne ons gemeente aangaan. Die jeug is reeds deel van die kerk van Christus dus moet hulle leer wat dit beteken.

Daar gaan pryse wees vir die kinders om te wen. Hier is 'n paar vrae wat julle as 'n gesin kan bespreek ter voorbereiding.

- Wat is kerk?
- Hoekom gaan ons kerk toe?
- Wat is 'n Dominee/Diaken/Ouderling?
- Wat is my rol in die kerk?

Ons gaan die vuur aansteek vir die ouers om 'n lekker worsie te kan braai, en so met mekaar te kan kuier.

**Vir enige navrae kontak gerus vir Zea Duffy: 076 301 4911**

## Verjaarsdae



Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar, in besonder **Douw Coetzee, Lida de Jager en Hilda Willemse.** Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Sondag | 06/09 | BERT | JV RENSBURG | VR1 |
| | | CARLA | KRUGER | GF02 |
| | | ZALIE | STOFBERG | KR2 |
| **Maandag** | **07/09** | **DOUW** | **COETZEE** | **BL2** |
| | | MORNé | DU PLESSIS | GF04 |
| | | JANIEKE | VAN DEN BERG | GF30 |
| Dinsdag | 08/09 | RINA | AMORAAL | GF01 |
| Woensdag | 09/09 | ILSE | BLIGNAUT | KU2 |
| | | ALTHEA | J V RENSBURG | VR5 |
| | | LIENKE | STOKER | GF22 |
| Donderdag | 10/09 | LOUISE | COETZEE | BR2 |
| | | MAARTEN | JV RENSBURG | VR1 |
| | | KARLA | WESSELS | GF27 |
| Vrydag | 11/09 | STEPHAN | AUCAMP | BR3 |
| | | ELJOH | COETZEE | GF32 |
| | | ANDRE | COETZEE | GF10 |
| | | RINA | GROVé | GF15 |
| | | ARNOLD | PRETORIUS | GF18 |
| | | LEO | WOITYCZKA | ST3 |
| **Saterdag** | **12/09** | **LIDA** | **DE JAGER** | **GF36** |
| | | MARCUS | ROBINSON | GF06 |
| | | SUZAAN | STOKER | GF22 |
| | | JOCELIN | VENTER | KE2 |
| | | **HILDA** | **WILLEMSE** | **DS1** |

**Daar is 'n <u>amazing geleentheid</u>, en slegs beperkte hoeveelheid mense kan genooi word!!! Indien die volgende jou beskryf, kwalifiseer jy om vir 5 dae op 'n groot avontuur te gaan.**

- Jy 'n Christen en will Jesus Christus se reddings genade met ander deel. ☐
- Jy is 'n student/ jong werkende ☐
- Jy is beskikbaar 1-6 Desember 2026 ☐
- Jy hou daarvan om met tieners te werk ☐
- Jy is 'n lekker mens ☐
- Jy will in jou geloof groei ☐
- Jy hou van speel, kamp, stap, see en eet ☐

**Indien jy 7 reg merkies het- geluk!! Jy word genooi om die jaar 'n groepleier te wees by die Boland kamp. Die kamp is in Bettiesbaai. Om in te skryf as 'n groepleier of vir meer inligting oor die avontuur kontak gerus vir Zea Duffy (076 301 4911)**



# Só is ek ’n ware vriend vir ander?

In ’n moderne wêreld wat dikwels gevorm word deur vlugtige sosiale media-verbintenisse en oppervlakkige interaksies, vervaag die begrip van ware vriendskap al hoe meer. Die mens is van nature selfgerig en geneig om verhoudings te koester solank dit voordele of gerief inhou; maar wanneer teëspoed, opoffering of persoonlike koste ter sprake kom, trek ons dikwels terug. Spreuke 17:17 bied vir ons ’n Bybelse waarheid wat ’n lens is waardeur ons kan kyk na wat vriendskap werklik behoort te wees. Ons lees in vers 17 (2020-vertaling):
*’n Vriend betoon ten alle tye liefde, en ’n broer is gebore vir tye van nood.*

In hierdie vers is daar drie kenmerke van die vriend wat God roep.

**1. Vriendskap as ’n verbintenis van liefde**
Die eerste deel van die vers – “*’n vriend betoon ten alle tye liefde*” – beklemtoon ’n konstante onvoorwaardelike liefde. Die Hebreeuse teks sê letterlik: “in elke tydstip”. Dit is nie ’n liefde wat wissel met omstandighede, emosies of voordele nie. Dit is nie wisselvallig nie. Dit is ’n liefde wat standvastig bly, selfs wanneer die verhouding nie vir jou voordeel inhou nie. Hierdie vers roep ons terug na ’n goddelike definisie van vriendskap: vriendskap as ’n verbintenis van volgehoue liefde, wat voortspruit uit God se eie onwankelbare verbondstrou. Selfs wanneer vriende ’n fout maak, stap ons nie weg van die vriendskap nie, maar ons stap juis na hulle toe met vergewensgesindheid, geduld en opbouende teregwysing.

**2. Vriendskap wat gebore is vir die nood**
Die tweede deel van die vers – “*’n broer is gebore vir tye van nood*” – wys dat ware vriendskap sy egtheid en getrouheid bewys wanneer die lewe moeilik raak. Die woord vir “nood” verwys na wanneer die moeilikheid van alle kante af druk. Ware vriende neem die verantwoordelikheid in van ’n familielid (soos ’n broer) wanneer die nood druk. Om ’n broer in nood te wees beteken om nie net van ’n afstand te staan nie, maar om daadwerklik daar te wees – om te luister, om praktiese hulp te verleen en om mekaar se laste te dra (vgl. Galasiërs 6:2). Dit verg opoffering, energie en selfs gemak. Hierdie soort vriendskappe is nie toevallig nie, want dit is gevorm deur karakter, geloof en die werk van die Heilige Gees in ’n mens se hart.

**3. ’n Vriend wat in Christus gegrond is**
Ons is van nature selfgerig. Die sondeval het die mens se hart na binne gekeer – na eie voordeel, eie gemak en eie belange. Daarom is dit makliker om vriendskappe te handhaaf wanneer dit vir ons voordelig is, en net so maklik om te onttrek wanneer dit opoffering vra. In ons eie krag kan ons nie goeie vriende wees nie. Eers wanneer ons deur die ware Vriend verander word, kan ons sy karakter in vriendskappe weerspieël. Jesus Christus is daardie ware Vriend. Hy het nie gewag dat ons lewe agter mekaar is voordat Hy ons vriend geword het nie. Tydens ons diepste nood van ons sonde en verlorenheid het Hy mens geword, juis om sy lewe vir ons af te lê (vgl. Hebreërs 2:11 en Johannes 15:13). Wat ’n vriend het ons in Jesus! Omdat Jesus ons Vriend is wat ons nooit sal verlaat nie, het ons die vrymoedigheid en krag om ander lief te hê sonder die vrees dat dit ons “te veel gaan kos”.

’n Bybelse vriendskap is radikaal. Ware vriendskap behels:

- Getrouheid. Jy bly teenwoordig, selfs wanneer dit moeilik raak.
- Opofferings. Jy gee jouself, jou tyd, jou aandag, jou hulp sonder om enige terugbetaling te verwag.
- Waarheid. Jy spreek die waarheid in liefde, selfs wanneer dit ongemaklik is.
- Gebed. Jy dra jou vriend se nood voor die Here.
- Aanwesigheid. Jy stap saam deur die donker valleie, en nie net deur die helder dae nie.

Hierdie vriendskappe is nie net mooi nie, maar dit is ook geestelik vormend. Dit bou gemeenskappe, versterk geloof en dra die geur van Christus.

**’n Uitdaging vir jou!**

Spreuke 17:17 is ook ’n uitnodiging. Dit roep jou om ’n soort vriend te wees wat God bedoel het. Dit is ’n uitnodiging om verhoudings te bou wat die storms van die lewe kan deurstaan. Dit is ’n aanmoediging om die evangelie se liefde prakties uit te leef. Laat ons as gelowiges opstaan om dié tipe broers en susters te wees wat die wêreld en die kerk dringend nodig het! Juis omdat Jesus eerste so ’n Vriend vir ons geword het.

Gepubliseer in kruispad Augustus 2026 weergawe / Geskryf deur ds Ruan Steyn




REFORMED CHURCH BELLVILLE EAST
ENGLISH
WORSHIP SERVICE
Sundays 16:30
4 Cherry Street, Belair, Bellville


Save the Date
20 September
Lofsangdiens
om 18:00




## GKBO-Inligting

**Eredienstye:** (Somer) 09:00 & 18:00 (Sep – Apr) ***(Winter) 09:30 & 18:00 (Mei – Aug)***
***English Service: 16:30***

**Kerkkantoor:** 08:30 – 14:00
admin@gkbo.org.za ☎ 082 712 4629
kassier@gkbo.org.za ☎ 083 659 1301

| | | |
|---|---|---|
| **Ds.** Brahm Robinson | brahmrobinson@gmail.com | ☎ 064 656 1374 |
| **Ds.** Jaco Linde | lindejaco@gmail.com | ☎ 062 552 5492 |
| **Ds.** Reynold Fourie | fouriereynold@gmail.com | ☎ 084 707 6276 |
| **Ds.** Reinder Kingma | reinderkingma@gmail.com | ☎ 084 827 2443 |
| **Skriba:** Hessel Dijkstra | skriba@gkbo.org.za | ☎ 082 785 5193 |
| **Koster:** Elfriede Coetzee | koster@gkbo.org.za | ☎ 083 6369 840 |

**Bankbesonderhede : GK Bellville Oos : ABSA : 1450 340 029 : Takkode 632005**
Bydraes kan ook per debietorder of Zapper betaal word. Skakel met die kassier of die kerkkantoor vir 'n Bydraevorm
**Besoek ons webwerf by www.gkbo.org**

# GKBO Kommunikasiekanale

Die gemeente het verskeie **kommunikasiekanale vir die vinnige verspreiding van inligting**.
Die Whatsapp kanale is nie kletsgroepe nie en slegs *admins* kan boodskappe versprei.

**Algemene Gemeente boodskappe:**
https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIg02GtRv1dq

**Susters whatsapp groep:**
https://chat.whatsapp.com/Li6sRsiiD4Q5IyrAX6PVel

**Om *Die Boodskapper* op u whatsapp te ontvang:**
https://chat.whatsapp.com/LKaZRS4fpWy1ECVVaxs3gM

**Skakel na die gemeente se kalender:**
https://www.gkbo.org/kalender

**Kontaknommer vir die kerkkantoor:** **Jenny Wendt 082 712 4629**